14 Jul.

Uitgawe 2010/07/14

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ons loof U, o God, ons loof U, en naby is u Naam; hulle vertel van U wonders. (**Ps.75:2**). Dit gebeur gereeld dat 'n mens nie voel om God te loof nie omdat omstandighede op daardie oomblik net té oorweldigend is. Ons moet die gewoonte aankweek om God te loof ongeag wat ons omstandighede is en om God alreeds te prys vir wat die uitkoms gaan wees. As jy iets van God gevra het, loof Hom reeds daarvoor. Of begin net om alles te noem wat Hy al in die verlede vir jou gedoen het. As jy nie aan enige iets kan dink nie, lees **Ps.103:1-5** hardop as 'n gebed. ***My siel sal U loof, my Heer, want U het wonders kom doen. U verkwik my siel met U goedheid. Ek ontbreek niks nie.***

Deurbraak : Bamboes verwerkers deel Christus

Bykans elke dag is daar vyf vroue van Suid-Asië wat na omliggende dorpies gaan om hulle handgemaakte bamboes items te verkoop. By die markte maak hulle gebruik van die geleentheid om Jesus met ander te deel. Hierdie plattelandse vroue kan nie lees nie, maar dra traktaatjies saam waar hulle ook gaan. Een week het die dames die buitengewone geleentheid gehad om 'n vrou genaam Shalini te besoek. Shalini het reeds vir 'n jaar gely weens 'n gewas in haar nek. Die vroue het die liefde van Jesus met Shalini gedeel en vir haar gebid. God het hul gebede beantwoord, Shalini genees en die gewas verwyder. Shalini en haar hele familie het die krag van Jesus gesien en besluit om Hom te volg. Hulle het hul ou tradisies en geestelike aktiwiteite agtergelaat en hul geloof in die enigste ware God geplaas. (Webruimte: http://www.assistnews.net/STORIES/2010/s10060152.htm, 02/07/10). ***Loof die Here vir die wonderlike werk wat Hy in hierdie dorpie doen. Bid dat elke persoon wat deur Jesus aangeraak is, 'n getuie vir Hom sal wees en dat baie se harte sal terugdraai na God. Bid vir die beskerming van die vroue wat die evangelie verkondig – teen siektes, enige vorm van toordery, moedeloosheid en vervolging.***

Bid vir jou gemeenskap: Geloof vs. sekularisme

Eienaars van 'n gastehuis in Cornwall, Engeland, staar geregtelike stappe in die gesig nadat hulle geweier het dat 'n homoseksuele paartjie 'n dubbelkamer deel. Die morele stand van die Christen eienaars, Peter en Hazelmary, het gelei tot 'n hoofsaak deur die homoseksuele paartjie. Die mans is die kamer geweier omdat dit teenstrydig is met die hotel se beleid. Die paartjie se argument is dat die hotel se beleid die nuwe Wet van Engeland, wat diskriminasie teen seksuele oriëntasie verbied, teenstaan. Hierdie stryd – regte van homoseksuele persone teen die tradisionele reg van godsdienstige vryheid – is niks nuut nie. Hierdie hofsaak mag dalk die eerste van vele wees. Die vraag is dus – sal die Verenigde Koningkryk Christene toelaat om vryelik hul geloof uit te leef, of sal dit hulle forseer om sekularisme wat die regering in werking stel te aanvaar? (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2010/July/Gay-Couple-Sues-Bed-and-Breakfast-for-Moral-Stance/?cpid=EU_CWN_2010_190, 11/07/10). ***Bid vir mense wat blootgestel is aan soortgelyke situasies soos hierdie in hul werkplekke. Bid dat God Sy mense sal help om die werk van die Bose teen te staan*** (**Jes.59:19**). ***Bid dat gelowiges regoor die wêreld nie hul stand in die Here sal prysgee vir die sisteme van die wêreld nie.***

Suid-Afrika : Gebed na die Sokker Wêreldbeker

Na al die opwinding oor die besoek van die nasies aan Suid Afrika, die drama, die emosionele wipplank van wen en verloor en die gevoel van welbehae omdat Suid Afrika so suksesvol aan die nasies uitgebeeld is, moet die inwoners van Suid Afrika nou terugkeer na 'n normale lewe met normale uitdagings. Ons staar nog steeds werkloosheid, armoede, stygende lewenskostes, VIGS, rasse-spanning en diskriminasie, korrupsie, geweld, misdaad, ens in die gesig. Laat ons voortgaan om God se aangesig te soek en te pleit vir Sy genade en guns oor ons land. (E-pos: JWWatches24-7@iemail.co.za, 06/07/10). ***Dank die Here vir Sy beskerming oor Suid-Afrika gedurende die afgelope ses weke. Eer en verheerlik Hom omdat Hy Suid-Afrika toegelaat en vertrou het met die mense van soveel verskillende volke. Weerstaan die werk van die Bose in die Naam van Jesus Christus en bid dat enige planne vir xenofobiese aanvalle, geweld, bloedvergieting, moord en anargie tot niks sal kom nie.***

Internasionaal : Transform 2010

Transform 2010 begin 19 Julie en hou aan tot einde Augustus. Dit is 'n uitreik wat gefokus is op die Mediterreen en die 450 miljoen mense wat daar woonagtig is. *Operation Mobilization (OM)* gaan spanne uitstuur na vele van die lande. Kan jy help om die weg te baan vir hierdie spanne? En vir die uitreike en lande bid? Hulle sal 'n 24/7 gebedswag hê in Malta in die middel van die Mediterreen gedurende die eerste twee weke van die uitreik en dan in Noord-Afrika vir die laaste 2 weke. Vir 'n volledige gebedsgids besoek: http://www.transform.om.org/. (E-pos: info@usa.om.org, 09/07/10). ***Bid asseblief vir die volgende land: Albanië: Bid dat die oë van die Albaniërs geopen sal word en dat hulle uit duisternis in die lig sal wandel. Bid vir eenheid onder die Christene en tussen gemeentes.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com